Om spanning op te jaag tussen Islam, Weste

10/04/2006 19:06 - (SA)

DEENSE pasteie was tot onlangs van die gewildste bakkery-items in die Islamitiese Republiek van Iran. Maar nie meer nie.

In reaksie op die krisis oor die Mohammed-spotprente het die woord "Deens" - voorheen sinoniem met vreedsame Skandinawiërs - 'n vloekwoord geword. Die hele omstredenheid het sy merk op die bakkerybedryf gelaat.

Hoe bisar hierdie ontwikkeling ook al is, dit strook met die spanning en histerie wat die spotprent-kwessie meegebring het.

Maar dit is ook die jongste voorbeeld van hoe dié omstredenheid aangevuur is deur elemente wat vasbeslote is om die spanning tussen die Islam en die Weste te vererger.

Op die oppervlak lyk dit of die omstredenheid die gevolg is van gewelddadige betogings in die Moslem-wêreld en Westerse publikasies wat die spotprente herpubliseer het om die verdienste van vryheid van spraak uit te wys, maar dit is die optrede van ander akteurs agter die skerms wat verseker het dat hierdie vraagstuk lewendig gehou word.

Daar was baie besprekings, veral sedert Al-Kaïda die hooftrekke met sy 9/11-aanvalle begin oorheers het, oor die sogenaamde botsing van beskawings, Samuel P. Huntington se nou bekende en dikwels misbruikte en misverstaande konstruksie.

Die begrip het ons woordeskat binnegesluip as 'n kortpad na die kategorisering van verskille tussen die Moslem-wêreld en die Weste. In geheel bly die omvang van hierdie spanning gelukkig nog beperk.

Ondanks aansprake in sekere geledere is die Islam en die Weste nie in 'n oorlog gewikkel nie. Mense van alle gelowe woon saam in samelewings oor die wêreld heen, en dít ondanks die Oorlog teen Terrorisme en die konflikte in Afganistan en Irak.

So 'n "botsing" is egter presies wat sekere elemente in die Islamitiese en die Westerse wêreld wil hê, en die omstredenheid oor kwessies soos die spotprente skep die volmaakte elemente vir uitbuiting vir sulke doelwitte.

In die Islamitiese wêreld het radikale Islamiste die afgelope jare deur aanvalle en propaganda probeer om die teelaarde te skep waar Moslems verdeel kan word in die lande waarin hulle woon. Eers wanneer 'n meerderheid Moslems met hul regerings en die Weste ontnugter raak - volgens die Islamiste se logika - sal hulle by die Djihad aansluit.

Enigiets wat dus so aangebied kan word dat dit 'n sogenaamde Westerse aanslag op die Islam is, het groot propagandawaarde. Dit verklaar dus die woede en weersin wat deur die spotprente ontlok is.

Verregse bewegings in die Weste, veral Europa en Amerika, is intussen vasbeslote om die Islam uit te beeld as onversoenbaar met liberale beginsels en demokratiese stelsels wat in moderne Westerse lande gevestig is.

Deur woede in die Islamitiese wêreld op te jaag teen die Weste met sy sekulêre waardes weens die herpublisering van die spotprente, word die gevolglike gewelddadige reaksie van 'n minderheid Moslems in talle lande gebruik om die hele Islamitiese geloof te stereotipeer as reaksionêr en teologies verbind tot die gebruik van geweld.

Hierdie berekende gebruik van so 'n krisis deur hierdie elmente is oplaas erken deur talle regerings en gematigde leiers aan alle kante van die spektrum. Hulle besef nou as hulle nie sterker reageer nie, sal hierdie elemente die openbare agenda bepaal.

Verlede maand het die Organisasie van Islamitiese Lande, 'n liggaam wat 'n mens sou verwag die spotprente sonder om te skroom sou veroordeel, verkies om die geweld in sekere dele van die Moslem-wêreld eenparig te veroordeel, en veral ook oproepe van 'n Pakistanse geestelike dat die Deense spotprenttekenaar doodgemaak moet word.

Verskeie Westerse leiers het ook moeite gedoen om 'n weg tussen die twee uiterstes uit te stippel - tussen die deugde van en die nodigheid vir verdraagsaamheid onder alle gelowe, terwyl hulle daardie Moslems wat hulle tot geweld gewend het, veroordeel het.

Selfs pous Benedictus XVI het simpatie uitgespreek met die gedagte van Moslem-besware oor die spotprente deur te sê "dit is uiters belangrik dat godsdienste en hul simbole gerespekteer word en dat gelowiges nie die voorwerp van provokasie gemaak word nie".

Die spotprent-omstredenheid herinner ons weer aan die gespanne aard van betrekkinge tussen die Moslem- en Westerse wêreld, en ons sal na alle waarskynlikheid soortgelyke kwessies in die toekoms sien wat die verhoudinge sal beproef.

Dié kwessies sal opreg en diepsinnig wees, en leiers aan albei kante sal harder moet werk om daardie gapings te oorbrug wat inderdaad tussen samelewings, godsdienste en kulture bestaan. Maar ons almal moet deurentyd bewus wees van die bymotiewe, en dat verskeie elemente gevestigde belange het deur die opjaag van die bestaande spanning. Dit is gevaarlike agendas in potensieel uiters gevaarlike tye.

- *Hagai M. Segal, 'n terrorisme- en Midde-Oosterse spesialis, is 'n dosent aan die New York-universiteit in Londen.*